PLATINUM Weekblad / Weekly

SPORT

Battle Of The Skylines

Dawie Steenkamp, 2 wiele

Dawie Steenkamp, 4 wiele

Rustenburg – Een van die hoogtepunte van die baie geslaagde byeenkoms sopas aangebied die afgelope naweek by die Rustenburg Vliegveld (400 & 800 meter spoed toetse), was ongetwyfeld die stryd tussen die Skylines…GTR's en GTX's.

'n Oorlog in sy eie reg, was die tweestryd op die kwartmyl tussen Dawie Steenkamp (van Bad Influence) op sy 1300 Turbo Hayabusa met die 17-jarige JJ Strauss op sy 1000cc GSXR. Die gemoedere het hoog geloop, maar beide hierdie twee spoedvrate het in hul onderskeie klasse gewen.

Met 'n splinternuwe byeenkoms rekord op die 400 meter behaal Dawie 'n tyd van 9,478 sekondes teen die spoed van 247 km/h met sy Busa. Nie net wys hy sy tande hier nie, maar op die 800 meter behaal hy ook 'n nuwe rekord met 284 km/h!

Die jonge heer JJ Straus behaal ook 'n skitterende 9.611 sek op die 400 met sy 1000 GSXR met 'n spoed van 231 km/h.

En van die stryd tussen die diesels kan 'n mens ook nie vergeet nie! Sjoe, hierdie manne kan darem so tussen die plant ploeg en plaas. Rooi in die gesig, gluur die manne mekaar aan... wie sal die dan nou die vinnigste diesel trok in die dorp ry?

Maar ons almal weet in enige sport soort is daar net een wenner... en die diesel kampioen van die 800 meter (2011) is toe ons eie Dana Vos van Rustenburg Gearbox Services met 'n spoed van 152 km/h. Geluk jong man! En wat meer is, op die 400 meter het Dana en Clearence Wiessekerke die louere gedeel met 'n spoed van 135 km/h.

Laaste maar nie die minste nie... In klas 4B met sy Toyota Corolla 4 Cyl Turbo, behaal Gustav Clappen 'n puik 11.485 sek op die 400 meter wat ook dan die vinnigste tyd vir die dag vir die karre is. Op die 800 meter in die karre afdeling wen Leon Loubser in sy GTR Skyline met James Douglas kort op sy bumper. Ian van Niekerk van Potties het ook uit die bloute opgedaag met sy 2011 GTR en behaal nie-amptelik 'n spoed van 249 km/h.

Die Sportman van die dag is welverdiend aan Dawie Steenkamp toegeken met sy puik prestasies op die twee-en-vier wiele. Die dag was 'n baie groot sukses en dankie aan 'n ieder en elk wat in die hitte van die stryd gesorg het dat dinge vlot verloop het! Ook 'n groot dank aan al die baan beamptes/ marchals (Rustenburg Gearbox Services Vossies Propshafts) asook Louise en Christa – sonder julle sou die dag nie moontlik gewees het nie! Hierdie dag was aangebied ten bate van die RGA skool te Rustenburg.

Curriebeker Finaal 2011

Goue Leeus vs Sharks

Op Coca-Cola Park in Johannesburg het 60 000 rugby liefhebbers seker een van die mees onbeskryflike, suksesvolle span pogings in ons rugby geskiedenis nog beleef! Dit was 'n vertoonvenster vir rugby en vir 'n beter voorbeeld vir ons skoolseuns in SA Rugby kon daar nie gevra word nie. Sonder verbode stimulante het die Leeus spelers gewys as daar met passie en toewyding rugby gespeel word, wat vermag kan word!

Die Jo'burgers klop 'n stêr-belaaide Shark span met 42-16 en word welverdiend gekroon as die Curriebeker Kampioene van 2011. Soos verlede week het die Leeu ysters weer van die huidige Springbok reputasies aan skerwe laat spat! In die Leeu arena word daar korte mette van papier tiere gemaak…

Slegs 'n paar weke gelede was daar 'n rare voorval waar 'n seun van sy fiets af geboender is deur 'n rooi Hartebees… die Haaie se afrigter, Plum, meen sy Haaie is op Coca-Cola Park deur 'n begeesterde Leeu span bespring… afgeslag, oorrompel en verslind. Hy het groot lof vir die Leeus span en erken die Sharks is geklop deur waardige kampioene!

Spelers soos Derick Minnie, Pat Cilliers, Jaco Taute, Michael Killian, Michel Rhodes, Alwyn Hollenbach en Elton Jantjies het puik rugby vanjaar gespeel en is definitief bestem vir die groen en goud!

Die vreugde vure het tot laat gebrand vir duisende Leeu ondersteuners en vir die spelers wat puik rugby opgedis het hierdie seisoen, is beloon vir hulle harde werk en toewyding.

Die Leeus se kaptein, Josh Strauss, het ook nou van sy veelbesproke baard afstand gedoen! Na die feesvieringe net na middernag Saterdagaand, moes Josh maar ewe gedwee gaan sit en toe was dit sy tyd vir 'n knippie… alles deel van leeu-plesier…

Welgedaan Leeus en baie geluk!
Nag ou grote… tot 2012

RUSTENBURG TV & APPLIANCES CENTRE
Guaranteed Sales & Service of TV, Video, Audio Systems
Arial Installation, DSTV & Appliances
Watch this space for SPECIALS!! As a Service Provider.
Tel: 014 538 0519/ 538 2103 | rtbtv1centre@polka.co.za

AUTO CITY SPARES & SOUND
014-592 1595
133 KLOPPER STREET
!!! SPECIALS !!!
ALL ELECTRICAL ITEMS

CRANE CORPORATION
22 Cobalt Street, Rustenburg, Zinniaville
CRANE HIRE 24/7
Anthony Petzer
P.O. Box 6301 Oberholzer, 2502
Cell: 082 849 9008
Tel: 014 538 1461
Fax: 014 538 1431
e-mail: anthonyp@cranecorp.co.za